Koshuisinligtingstuk 2024

Baie welkom by Huis Jordaan (dogters) en Huis van der Merwe (seuns)! Ons hoop dat die koshuis jou tweede tuiste sal word en dat jy elke dag saam met ons sal geniet. Hierdie boekie bevat waardevolle inligting om jou tyd by ons maklik en gerieflik te maak.

INHOUDSOPGAWE

Kontakbesonderhede	Bl. 1
Brief aan leerders	Bl. 4
Brief aan ouers	Bl. 5
Oorsig	Bl. 7
Koshuisbenodigdhede	Bl. 8
Algemene koshuisbeleid	Bl. 10
Interne koshuisbeleid	Bl. 12

Vorms aangeheg by inligting Inwonerdata

KONTAKBESONDERHEDE

KONTAKBESONDERHEDE – HUIS JORDAAN (dogters)

Skoolhoof/Koshuishoof: Mnr. Pieter Rademeyer
pieter.rademeyer@janvanriebeeck.co.za
021 423 6347

Superintendente : Me. Huibrecht Steyn
Koshuismoeder & -vader : Me. Huibrecht & mnr. Jakkie Steyn
076 738 2290 / 082 498 0843
021 879 3175
huibrecht.steyn@janvanriebeeck.co.za

Matrone: Me. Lena Booysen
064 141 7624 / 021 879 3175

Dr. Woermann: 021 423 2425

Hoërskool JvR: 021 423 6347

ADRES: HUIS JORDAAN (dogters)
Kloofstraat 129
Tuine
Kaapstad
8001

KONTAKBESONDERHEDE – HUIS VAN DER MERWE (seuns)

Skoolhoof/Koshuishoof:	Mnr. Pieter Rademeyer pieter.rademeyer@janvanriebeeck.co.za 021 4236 347
Superintendent:	Mnr. Jan Henning 082 828 1968 jan.henning@janvanriebeeck.co.za
Koshuismoeder & -vader:	Mnr Rudi & me. Elize von Versen 083 504 4260 / 074 536 6206 021 879 3175 elize.vonversen@janvanriebeeck.co.za
Matrone:	Me. L. Booysen 064 141 7624 / 021 879 3175
Dr. Woermann:	021 423 2425
Hoërskool JvR:	021 423 6347

ADRES: HUIS VAN DER MERWE (seuns)
De Hooplaan
Tamboerskloof
Kaapstad
8001

BRIEF AAN LEERDERS

Beste Soppie / Roggie

As koshuisouers en huiskomitee is ons baie opgewonde oor 2024 en al sy opwindende uitdagings en baie geleenthede. Ons kan nie wag om jou te ontvang en bekend te stel aan die lekkerte van die lewe as lid van ons koshuise nie. Al kan die koshuis nooit die ouerhuis vervang nie, is die huislike atmosfeer wat ons bied, nie ver daarvandaan nie. Jy sal sommer gou tuis voel en wonder waarom al die onsekerheid dan nou nodig was.

Dit is ook belangrik dat jy deurentyd Hoërskool Jan van Riebeeck se waardes in gedagte hou en uitleef – respek, verantwoordelikheid, eerlikheid, omgee, integriteit, menswaardigheid, volharding en nederigheid. Raadpleeg asseblief die koshuisreëls wat hierby aangeheg is, asook die skool se gedragskode en dissiplinêre stelsel. Ons koshuisleerders leef, studeer, speel en ontspan binne die riglyne van ons skoolreëls en ons streef daarna om altyd respek vir onsself te hê en om ‘n positiewe invloed op ons mede-inwoners te hê. Die Rog (Seuns) en Sop (dogters) weergalm met die legendes van die verlede. Hulle leef voort deur dit wat hulle vermag het binne die vier mure van die koshuis. Ons mag dus nooit op ons louere rus nie, maar moet voortgaan om legendes en leiers te produseer. Alles en meer as wat jy nodig het om dit te vermag kan in die Rog en Sop gevind word. Neem die geleenthede, die voorreg, die uitdaging en die verantwoordelikheid wat jy teenoor die huis het op jou skouers en vermag iets merkwaardigs in 2024.

Die koshuis is meer as net ‘n woning waar lewenslange vriendskappe, drome en ervarings opgebou word. Die Rog en Sop is gebalanseerde koshuise wat jaarliks uitsonderlik presteer op kulturele, leierskap-, sosiaal-maatskaplike, akademiese en sportgebied, om nie eens te praat van die sosiale en geestelike aktiwiteite nie. Daar is jaarliks talle aktiwiteite, Rog-Sop-skakelings, feestelike uitstappies en vele meer opwindende geleenthede om die koshuis lekker te maak. Dit is egter nie op die uitnemende prestasies waarop ons die trotsste is nie, maar ook die geluk, omgee en liefde wat elke dag in die gange en elke huislid sigbaar is.

Grade 9 tot 12 moet Dinsdag, 16 Januarie 2024, tussen 18:00 en 19:00 by Huis Jordaan-koshuis (dogters) en Huis van der Merwe-koshuis (seuns) aanmeld. Ons skop dan 2024 af met ‘n koshuisgeselligheid vir alle leerders en inwonende personeel om 20:00. Bring hope energie vir die verwelkomingsweek, wanneer jy aan die koshuis, sowel as die skool, se bedrywighede voorgestel gaan word.

Graad 8’s moet op Dinsdag, 16 Januarie 2024, reeds tussen 06:00 en 07:00 by die onderskeie koshuise aanmeld. Graad 8’s se bagasie word in hulle kamers geplaas. Hierdie nuwe groep leerders sal dan afbeweeg na Welgemeend op die skoolterrein, en sal eers die verwelkomingsdag saam met al die ander graad 8’s bywoon. Om 16:00 sal hulle na die koshuis oorbeweeg en om 17:00 ’n ete saam met die koshuisprefekte geniet.

Kom oorrompel ons met jou passie, kreatiwiteit, geesdrif, werkslus en unieke self! Hier gaan jy ‘n verskil maak! Onthou egter altyd wie jy is, waar jy vandaan kom en wie jy wil wees. Gryp elke geleentheid aan wat oor jou pad kom. Onthou altyd die glimlag en huppel in die stap!

Geniet die feestyd saam met julle gesin en rus lekker uit vir die nuwe jaar wat voorlê.

Groete.

Koshuisprefekte – Huis Jordaan en Huis van der Merwe
Koshuisouers

BRIEF AAN OUERS

Beste Ouer(s) / Voogde

Eerstens moet ek u bedank en gelukwens met die uitstekende keuse wat u gemaak het om Hoërskool Jan van Riebeeck se koshuis as tuiste te kies vir die volgende fase in u kind se skoolloopbaan. Uit ‘n akademiese oogpunt is Hoërskool Jan van Riebeeck beslis die regte keuse. U kind se aankoms en vestiging hier is belangrik, maar belangriker nog is dat hy of sy, na afloop van hul hoërskoolloopbaan, as ‘n gebalanseerde student hier sal uitstap – slaggereed vir die wêreld wat wag. Vir baie leerders het ‘n nuwe lewe begin met hulle intrek in die koshuis. ‘n Kenmerk van ons koshuisleerders is hulle selfstandigheid, onafhanklikheid en individualiteit.

Ek wil graag die volgende onder u aandag bring:

1. Indien ’n vyfdagloseerder die naweek wil inbly, moet die ouer ons in kennis stel. Hierdie reëling geld vir amptelike skoolbetrokkendheid oor naweke, hetsy sport, kultuur of akademie (eksamen). Wanneer ’n sewedagloseerder ‘n naweek wil huis toe gaan, moet die ouer ons in kennis stel.

2. Alle graad 9- tot 12-koshuisgangers moet asseblief op Dinsdag, 16 Januarie 2024, tussen 18:00 en 19:00 aanmeld by die onderskeie koshuise. Die aangehegte inwonerdatavorm moet ingehandig word by koshuisontvangs. ‘n Koshuisgeselligheid vir alle leerders en inwonende personeel begin om 20:00.

3. Graad 8’s moet op Dinsdag, 16 Januarie 2024, reeds tussen 06:00 en 07:00 by die onderskeie koshuise aanmeld. Graad 8’s se bagasie word in hulle kamers geplaas. Hierdie nuwe groep leerders sal dan afbeweeg na Welgemeend op die skoolterrein, en sal eers die verwelkomingsdag saam met al die ander graad 8’s bywoon. Om 16:00 sal hulle na die koshuis oorbeweeg en om 17:00 ‘n ete saam met die koshuisprefekte geniet.

4. Belangrike Reëlings:
4.1. Raadpleeg asseblief die koshuisreëls wat hierby aangeheg is, asook die skool se gedragskode en dissiplinêre stelsel. Trots en waardes vorm die kern van ’n skool met ’n ryk tradisie. Daarom is dit belangrik om altyd in pas te wees met die reëls van Hoërskool Jan van Riebeeck. Die koshuis val onder die skool se gedragskode en dissiplinêre stelsel. Ons koshuisleerders leef, speel en ontspan binne die riglyne van ons skoolreëls en ons streef daarna om altyd ’n positiewe invloed op ons mede-inwoners te hê. Indien u kind gedurende die week die koshuis wil verlaat, moet u die superintendent of koshuisouers persoonlik skakel of e-pos – verkieslik twee dae voor die tyd sodat die nodige reëlings betyds getref kan word. Indien ’n leerder wat naweekverpligtinge het die koshuis wil verlaat, geld dieselfde reëling. **Slegs ouers of voogde mag leerders in die week uitteken en persoonlik kom oplaai.**

4.2. Koshuisgangers kan op Sondae vanaf **17:00 tot 19:00** (onthou kospakkie vir aandete) terugbesorg word. Geen leerder sal op Sondagaande toegelaat word om die terrein te verlaat om kos te gaan koop nie, asook sal geen kosbestellings / kosaflewerings / ”Uber Eats” toegelaat word nie. As u nie by die tye hou nie en nie persoonlik toesien dat u kind in die koshuis terugbesorg word nie, kan ons geen aanspreeklikheid vir hom / haar aanvaar nie. Ouers wat dit so verkies, mag kosgangers Maandagoggende voor 7:00 terugbesorg. Dit is verpligtend vir ’n leerder om voor skool op Maandagoggende by die koshuismatrone aan te meld. Ouers wat hierdie opsie verkies, moet permanente reëlings met die superintendent / koshuisouers tref sodat etes gereël en gefinaliseer kan word. Na tuisnaweke, vakansies en ook op Sondae is die koshuis om 17:00 op die aand voor die skool heropen, weer oop. Geen etes word egter op sulke aande bedien nie. Leerder moet ‘n kospakkie saambring vir aandete.

4.3. Indien u kind om die een of ander rede by die huis bly, moet u so gou doenlik die skool en die superintendent / koshuisouers telefonies of per e-pos laat weet. Dit is belangrik dat ons te alle tye weet waar u kind is, veral indien die leerder vir een of ander rede nie die Sondag of Maandagoggend ingekom het nie.

BRIEF AAN OUERS VERVOLG...

4.4. Alle selfone word 21:15, na die tweede aandstudie, by die dienspersoneel ingehandig. Leerders ontvang die selfoon met stiltetyd in die oggend. Geen selfoonoproepe mag vanaf 21:15 tot 06:45 gemaak of ontvang word nie. Oortreding van die reël word onmiddellik verwys na 'n vlak 2-oortreding.

4.5 Studievergunning. Leerders in grade 10 tot 12 mag aansoek doen om in sy/haar te kamer te studeer. Kamerdeure moet ten alle tye oop wees en die leerder moet by sy/haar studiebank sit. Indien daar enige misbruik van hierdie vergunning is, skuif die betrokke leerder onmiddellik onbepaald terug studiesaal (eetsaal) toe. Leerders wat ook nie voldoen aan die akademiese verwagtinge na 'n toetsweek se uitslae nie, skuif ook terug studiesaal toe. Junior leerders (graad 8-9) studeer in die studiesaal/eetsaal onder toesig. Graad 8- en 9-leerders wat ná die eerste toetsreeks 'n gemiddeld van 80% of hoër het, mag ook in hulle kamer studeer. Dieselfde reëls geld vir die juniors en seniors.

Die koshuis beskik oor WiFi wat internettoegang vir skoolwerk moontlik maak. Leerders kan egter ook van die skool se rekenaarlokaal gebruik maak indien reëlings vroegtydig met dienspersoneel getref word. **Ons moedig leerders egter aan om hulle eie iPad of skootrekenaars te bring. Dit leer hulle om van vroeg af tegnologie verantwoordelik te gebruik.**

Die koshuislewe vertel altyd 'n storie van blydskap en hartseer, spanning en konflik, vrede en rustigheid, vreugdes en trane. Ons glo dat dit juis dit is wat ons kuishuisleerders mense maak wat teleurstellings kan verwerk en suksesse kan hanteer. Ons kweek trotse seuns en dogters wat hul plek in die skool, gemeenskap en breë samelewing kan volstaan. Die bydrae van ons koshuisleerders tot die skool se gees en prestasie op akademiese, kultuur-, sport- en leierskapgebied was en is enorm.

Ons sien in besonder uit na 2024 en verseker u dat ons streef om elke leerder se belange op die hart te dra. Ons vertrou dat u kind baie gelukkig by ons sal wees.

Geniet die vakansie en feestyd saam met u gesin.

Vriendelike groete.

Koshuisouers

OORSIG

Gedurende 1950 het die Administrateur van Kaapland, mnr. J.G. Carinus, en sy Uitvoerende Komitee besluit om fondse beskikbaar te stel vir die aanbou van moderne koshuise vir die skool.

HUIS A.J. VAN DER MERWE:
Die seunskoshuis, ook bekend as die Rog, is op die De Hooplandgoed aan die voet van Leeukop geleë. Terwyl dr. A.J. van der Merwe, die voorsitter van die skoolkomitee, in die buiteland was, is besluit dat die seunskoshuis op die De Hoop-landgoed na hom vernoem sou word. Die motivering: “Daar is seker niemand wat die skool so lank met so ‘n getroue, taaie toewyding uit loutere liefde gedien het as dr. A.J. van der Merwe nie. As daar ’n monument vir hierdie groot Afrikaner moes verrys, kan daar nouliks ‘n geskikter plek daarvoor wees as die plek wat hy naas sy kerk die liefste het: Hoërskool Jan van Riebeeck.” Dr. A.J. van der Merwe word voorsitter van die skoolkomitee in 1937 en bly dit tot 1973, vir byna 37 jaar. Op 13 Julie 1953 is Huis A.J. van der Merwe in besit geneem en op 23 Julie 1953 het die destydse administrateur, mnr. P.J. Olivier, die hoeksteen gelê en tergelykertyd die inwyding van die twee koshuise waargeneem.

HUIS JORDAAN:
Die meisieskoshuis, ook bekend as die Sop, is langs die historiese Welgemeend op die skoolperseel in Kloofstraat geleë. In 1952 het die skoolkomitee en -personeel besluit dat die meisieskoshuis Huis Jordaan sal heet, ‘n blywende herinnering aan ‘n versiende Afrikaner-idealis, wyle mnr. J.J. Jordaan, wat die grondslag gelê het waarop ons met trots steeds kan voortbou. Wyle mnr. J.J. Jordaan, die eerste hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck (1926 - 1936), het ‘n voortreflike fondament vir ons geliefde skool gelê. Op 9 Desember 1952 is die hoeksteen by Huis Jordaan gelê deur dr. W. de Vos Malan, Superintendentgeneraal van Onderwys, en op 12 Junie 1953 is Huis Jordaan in besit geneem.

Ons koshuis weerspieël ‘n huislike atmosfeer. Sterk tradisies en ‘n goeie gees vul die koshuiskamers. Ontspanning vorm ’n belangrike deel van sosialisering in die koshuis. Die koshuis beskik oor wifi en gerieflike TV-kamers wat onder toesig gebruik word. Die koshuis is bevoorreg om jong, energieke en entoesiastiese personeellede in diens te hê. Hierdie personeel is oorwegend opvoeders verbonde aan die skool en goeie opvoedingspraktyke word so verseker. Die koshuis bied aan sy inwoners aktiwiteite wat ‘n vonkel in die oog laat. Daar bestaan ‘n verskeidenheid interhuisaktiwiteite tussen die seuns en dogters, wat lewendige interaksie bewerkstellig met die waatlemoenfees, Rog/Sop-bal en Kersete as die hoogtepunte. Die uitsonderlike ligging van die koshuis leen hom daartoe om die verskeidenheid unieke geleenthede wat Kaapstad bied op ‘n gereelde grondslag te benut.

KOSHUISBENODIGDHEDE

KOSHUISBENODIGDHEDE:
• Unieke koffiekoppie / Drinkbeker (nie glas nie)
• Leerders moet hul eie beddegoed saambring (verkieslik wit vir dogters/ wit of ligte kleur vir seuns), ‘n enkelbedpaslaken, kussing en duvet.
• Toiletware
• Plastiek- of houthangers
• Wasgoedsak, waspoeier en plastiese houer vir wasgoed – onder die bed
• Genoeg onderklere
• Skoolhemde (4 of 5)
• Skooltrui
• Skoolbaadjie
• Skoolbroeke vir seuns (2)
• Rompe vir dogters (blou, 2) / langbroek vir winter
• Skoolsokkies (genoeg)
• Handdoeke (3)
• JvR-sweetpak
• JvR-sportklere (hemp & broekie) – verpligtend vir koshuisaktiwiteite.
• Een stel ontspanningsdrag
• Swemklere (dogters ‘n vlootblou[“navy”] eenstuk of skoolswembroek; seuns ’n “boardshort”)
• Nagklere en kamerjas
• Een kombinasieslot
• Plastiese houer vir boeke (“Mambo’s”) – ‘n groot een om onder die bed te pas. (Huis Jordaan)
• Koshuisdrag vir seuns: Seuns moet ‘n netjiese hemp en khaki-chino (kan skool-chino wees) vir uitstappies en kerk hê, indien hulle die naweek inbly.
• Dogters: Moet ‘n netjiese rok/swart broek/romp met bypassende hemp vir uitstappies en kerk hê, indien hulle die naweek inbly.
• Reënjas
• LED-lig vir beurtkrag
• Wekker (selfone word ingegee)
• Multi-proppe (wat 3 of meer standaard-proppe, asook tweepuntprop-koppelmoontlikhede en ‘n veiligheidskakelaar het) om verskeie elektriese toebehore te kan koppel. Ook ‘n USB-prop en konneksies vir laai van selfone en/of tablet. (Duidelik gemerk)
• Muskietafweermiddel
• Sonbrandmiddel

Ons moedig egter leerders aan om hulle eie iPad of skootrekenaars te bring. Dit leer hulle om van vroeg af tegnologie verantwoordelik te gebruik.

ALLE ARTIKELS EN KLERE MOET DUIDELIK GEMERK WEES.

Wat nie in kamers toegelaat word nie:
• Ketels
• Groot klankstelsels / “Bluetooth speakers”
• Troeteldiere, plante
• Yskaste
• Eie meubels
• Matte
• Verwarmers
• Mikrogolwe / tweeplaatstowe
• Broodroosters
• “Airfryers”

ALGEMENE KOSHUISBELEID

A. Koshuisbeleid

1. Inleiding

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van Hoërskool Jan van Riebeeck soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Algemeen

2.1 Daar word van inwoners verwag om die koshuisbeleid en -reëls te ken en na te volg. Ouers en leerders moet dit saam deurgaan, onderteken en inhandig die eerste dag met inname.
2.2 Elke koshuisinwoner is, buiten hierdie koshuisbeleid en -reëls, ook gebonde aan die skool se gedragskode vir leerders.

3. Toelating

3.1 Toelating tot die skool impliseer nie outomaties toelating tot die koshuis nie. Daar bestaan geen grondwetlike reg op koshuisinwoning nie.
3.2 Uitsluitlik die beheerliggaam reguleer en beheer toelating tot koshuise.
3.3 Aansoek om toelating tot die koshuis moet saam met die aansoek om toelating tot die skool geskied, tensy die beheerliggaam anders besluit.
3.4 Die beheerliggaam behou hom die reg van koshuistoegang voor.

4. Losiesgeld

4.1 'n Deposito is betaalbaar sodra die beheerliggaam die leerder se aansoek om toelating tot die koshuis goedkeur en bevestig.
4.2 Elke koshuisouer is verantwoordelik vir die totale bedrag losiesgeld.
4.3 Losiesgeld is kwartaalliks vooruitbetaalbaar, of soos skriftelik met die beheerliggaam ooreengekom.
4.4 Leerders mag in die koshuis aanbly slegs indien hulle koshuisgeld opbetaal is.
4.5 Koshuisinwoners moet 'n kwartaal kennis gee indien hulle die koshuis aan die einde van 'n skooljaar gaan verlaat. Matrikulante word geag die koshuis aan die einde van hul matriekjaar te verlaat. Matrikulante wat hul matriekjaar wil of moet herhaal, moet heraansoek doen om toelating tot die koshuis.
4.6 Alle betalings wat ter vereffening van koshuis- of verblyfgeld ontvang word, sal eerstens aangewend word vir die betaling van enige verskuldigde skoolgeld, ongeag enige keuse wat die betrokke betaler ten aansien van toewysing van betalings uitoefen.

B. Koshuisreëls

1. Gedragskode en dissipline

1.1 Alle reëls van die skool se gedragskode is op die koshuis van toepassing, en die superintendent, sy/haar dienspersoneel en huiskomitee is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die koshuis.
1.2 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie.
1.3 Kleredragregulasies is volgens die koshuise se interne beleid. Sien Aanhangsel A.
1.4 Geen inwoner mag deur enige koshuisvenster of op enige koshuisdak klim of die koshuis op enige ander manier binnegaan as deur die aangewese deure nie.
1.5 Geen inwoner mag 'n koshuiskamer buiten sy/haar eie binnegaan nie, tensy met die nodige toestemming, of vergesel van die betrokke kamerbewoner.
1.6 Inwoners sal alle persone, wat koshuispersoneel, mede-inwoners en besoekers insluit, te alle tye met respek en waardigheid behandel.

ALGEMENE KOSHUISBELEID

2. Besoekers (slegs ouer(s) / voogde)

2.1 Alle besoekers moet by die personeellid aan diens aanmeld. Die betrokke inwoner sal geroep word om die besoeker by die voorgeskrewe besoekersarea te ontvang.
2.2 Besoekers is onderworpe aan die koshuisreëls, en moet dit respekteer.
2.3 Inwoners sal aanspreeklik gehou word vir die optrede van hulle besoekers.
2.4 Besoekers mag nie enige koshuiskamer sonder die toestemming van die personeellid aan diens binnegaan nie.

3. Siekte

Tans word geen leerder met 'n virale infeksie, wat gepaard gaan met koors/aansteeklike virus in die koshuis toegelaat nie. Ouers/voogde sal geskakel word om die leerder te kom haal. Indien 'n leerder buite die radius van 60km woonagtig is, moet ouers 'n voog/kontakgesin identifiseer waar die leerder geplaas sal word om aan te sterk. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hierdie kontakpersoon ook volle verantwoordelik vir die kind se welstand aanvaar wanneer hy/sy by hulle aansterk. Dit is ook ouers se verantwoordelikheid om met die voog/kontakgesin kontak te maak en op te volg hoe dit gaan met die welstand van u kind. Hierdie inligting moet tydens inname aan die superindent deurgegee word voor toelating tot koshuis.

3.1 Wanneer 'n inwoner in skooltyd siek word, moet skriftelike toestemming van die superintendent/ sekretaresse/graadvoog verkry word om toegang te gee aan die leerder by die koshuis. Hierdie toestemmingsbrief word deur die leerder aan die matrone oorhandig.
3.2 Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming in die kamer bly/gaan lê nie.
3.3 Ouers kan met die superintendent/matrone/dienspersoneel skakel wat die siekte en behandeling van hulle kinders betref.
3.4 Indien 'n leerder siek word, sal die leerder onmiddellik in die siekekamer geplaas word tot daar duidelikheid is oor die siekte en hoe die siekte behandel moet word. Daar sal 'n register wees wat die matrone/dienspersoneel moet onderteken om die leerder gereeld te monitor.

4. Studietye

4.1 Die volgende reëls geld gedurende studietye:
• Leerders mag nie met mekaar praat nie.
• Leerders mag nie eet en drink nie.
• Leerders mag nie rondloop of hulle lessenaars verlaat nie.
• Die meubels mag nie geskuif word nie.
• Leerders mag slegs met die toestemming van die toesighouer die lokaal verlaat.
• Geen selfoon mag gebruik word tydens studietye nie.
• Telefoonoproepe mag slegs in noodgevalle gemaak en ontvang word.

4.2 Studietye is uiteengesit in die interne beleid. Sien Aanhangsel A.

4.3 Studielokale moet ná elke studietyd opgeruim word.
• Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.
• Vensters moet toe wees.
• Stoele moet op die tafels geplaas word.
• Die ligte moet afgesit en die deure gesluit word.
• Koshuisleiers is verantwoordelik om toe te sien dat die studielokale ná studietyd in bogenoemde toestand gelaat word.

4.4 Studievergunning: Leerders in grade 10 tot 12 mag aansoek doen om in sy/haar te kamer te studeer. Kamerdeure moet te alle tye oop wees en die leerder moet by sy/haar studiebank sit. Indien daar enige misbruik van hierdie vergunning is, skuif die betrokke leerder onmiddellik onbepaald terug studiesaal

(eetsaal) toe. Leerders wat ook nie na ‘n toetsweek se uitslae voldoen aan die akademiese verwagtinge nie, skuif ook terug studiesaal toe.
Junior leerders (graad 8-9) studeer in die studiesaal (eetsaal) onder toesig. Graad 8- en 9-leerders wat na die eerste toetsreeks ‘n gemiddeld van 80% of hoër het, mag ook in hulle kamer studeer. Dieselfde reëls geld vir die juniors en seniors.

5. Etes by onderskeie koshuise

5.1 Etenstye
Ontbyt: 07:00 (dogters) by Huis Jordaan; 06:30 (seuns) by Huis van der Merwe
Middagete: tydens 2de pouse vir dogters en seuns by Huis Jordaan
Aandete: 17:30 (dogters) by Huis Jordaan; 17:30 (seuns) by Huis van der Merwe
Naweke: Etes by die onderskeie koshuise
5.2 Die tafelhoofde is verantwoordelik vir dissipline in die eetsaal.
5.3 Inwoners moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.
5.4 Geen inwoner mag om enige rede van ’n ete ontneem word nie.
5.5 Geen inwoner mag gedwing word om enigiets teen sy/haar sin te eet of te drink nie.
5.6 Inwoners moet ná elke ete die tafels afdek. Die borde en messegoed moet in die bestemde houers gepak word.
5.7 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.
5.8 Indien ’n inwoner nie ’n ete kan bywoon nie of laat gaan kom vir ete, moet hy/sy die dienspersoneel/koshuismatrone vroegtydig inlig. Die reël van laat etes bly die leerder se verantwoordelikheid.
5.9 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.
5.10 Leerders moet netjies geklee wees, geen kaal voete of mussies nie.
5.11 Elke leerder bring sy/haar drinkbeker van die huis af.
5.12 Daar word verwag van leerders om by alle etes teenwoordig te wees.

6. Selfone

6.1 Selfone word op eie risiko in die koshuis ingebring.
6.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye of studietye ontvang of gemaak word nie.
6.3 Alle selfone word 21:15 – met die tweede aandstudie – by dienspersoneel ingegee. Leerders ontvang die selfoon met stiltetyd in die oggend. Geen selfoonoproepe mag vanaf 21:15 tot 06:45 gemaak of ontvang word nie. Oortreding van die reël word onmiddellik verwys na ‘n vlak 2-oortreding.
6.4 ’n Inwoner se selfoon mag van hom/haar weggeneem word indien hy/sy nie die reëls gehoorsaam nie. In so ’n geval sal die inwoner ’n skriftelike skulderkenning onderteken waarin die inwoner erken dat hy/sy kennis dra van die bepalings van die koshuisreëls en die strafsanksie dat sy/haar foon afgeneem mag word.

7. Wasgoed (slegs van toepassing op naweekleerders)

7.1 Sien interne beleid, punt 13.

8. Breekskade

8.1 Breekskade moet onmiddellik by die personeellid op diens of HK-lid aangemeld word.
8.2 Opsetlike skade aan koshuis- of skooleiendom sal tot dissiplinêre stappe lei.
8.3 Inwoners moet alle koshuiseiendom met die nodige respek hanteer.

9. Huiskomitee/koshuisprefekte

9.1 Die koshuis kies sy eie huiskomitee (HK)-lede tydens ‘n jaarlikse demokratiese verkiesing.
9.2 Die HK is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline, en moet die koshuishoof en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan.

10. Ligte-uit en opstaantyd
10.1 Ligte-uit (22:00) sal deur ’n klok aangedui word. (Waarskuwingsklok 21:50; Stiltetyd 21:55)
10.2 Stilte moet ná die lui van die ligte-uit-klok gehandhaaf word.
10.3 Opstaantyd: Dogters 6:30/seuns 6:00. Dit word ook deur ’n klok aangedui, waarna inwoners onmiddellik moet opstaan. (Dogters: waarskuwingsklok 6:50 en stiltetyd 6:55; Seuns: waarskuwingsklok 6:20 en stiltetyd 6:25)
10.4 Inwoners (leerders in grade 10 tot 12) kan by die personeellid aan diens toestemming vra vir ekstra studietyd soggens en/of saans. Die personeellid aan diens kan toestemming weier indien hy/sy reken dat die betrokke inwoner nie die gewone studietyd ten volle benut het nie.

11. Ander
11.1 Inwoners mag nie in die gange hardloop, skree, fluit of onnodige geraas maak nie. Radio’s is toelaatbaar slegs indien dit sag gespeel word.
11.2 Indien ’n inwoner om welke rede ookal nie betyds vir ’n bepaalde aktiwiteit sal opdaag nie, moet die koshuishoof of personeellid aan diens vroegtydig ingelig word.
11.3 Inwoners moet sorg dat hulle koshuiskamers altyd netjies en skoon gehou word.
11.4 Besoek aan die dorp/winkels gedurende die week geskied na die goeddunke van die koshuishoof. Gedurende algemene verlof om winkels toe te gaan, moet inwoners skooldrag dra.
11.5 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

12. Koshuis disiplinêre beleid
12.1 Disiplinêre komitee: Lid van Beheerliggaam (aanklaer), skoolhoof, adjunkhoof, ondersoekbeampte, dienspersoneellid. 12.2 Sien interne beleid, punt 23.

A: INTERNE KOSHUISBELEID

Ons as koshuisleerders wil graag die volgende karaktereienskappe nastreef:
• Koshuistrots
• Goeie maniere
• Bedagsaamheid
• Pligsgetrouheid
• Hulpvaardigheid
• Self-dissipline
• Gehoorsaamheid
• Eerlikheid
• Aanvaarding van gesag
• Aanvaarding van dissipline
• Selfbeheersing
• Integriteit
• Menswaardigheid
• Volharding
• Respek vir die persoon (privaatheid, persoonlike ruimte, ens.) en die eiendom van ander
• Medeverantwoordelikheid
• Die kweek van waardes om trotse en selfversekerde volwassenes te word

HUISREËLS

ALGEMEEN

Bo en behalwe die huisreëls en prosedures, is die Dissiplinêre kode en Dwelm- en Alkoholbeleid van die skool ook van toepassing op alle koshuisleerders. Hierdie reëls word nie daargestel as ‘n lys moets en moenies nie. Dit is opgestel sodat almal in die koshuis in rus en vrede as een groot gesin kan saamleef en –werk. Dit moet elke leerder en personeellid wat inwoon beskerm, omdat elkeen sal weet waar hulle met mekaar staan en wat van elkeen verwag word binne die huis.

1. Slaapkamers

1.1 Slaapkamers moet elke dag netjies gemaak én te alle tye netjies gehou word.
1.2 Klerekaste moet altyd netjies reggepak wees en GESLUIT gehou word. Die inhoud van kaste sal van tyd tot tyd, onafgekondig, geïnspekteer word.
1.3 Prente mag nie met wondergom teen kaste of teen afskortings of mure geplak word nie. Daar mag geen spykers of duimdrukkers in die mure, kaste, deure of plafonne ingedruk word nie. Wondergom mag nie op mure of plafonne gebruik word nie. Prente teen buitevensters word ook nie toegelaat nie. Prente mag met toestemming met spesiale prenthake op prente-lyste gehang word. Alle prente moet van ‘n sindelike aard wees.
1.4 Die gebruik van kerse, wierook, dompelkokers, elektriese ketels, elektriese komberse, verwarmers en televisie is verbode. Kookwater is beskikbaar in die eetsaal. Televisie is beskikbaar in die TV-kamer.
1.5 Skootrekenaars mag slegs vir AKADEMIESE doeleindes aangewend word.
1.6 Radio’s moet sò gebruik word dat dit geen steurnis vir kamermaats of inwoners van die aangrensende kamers is nie. ‘n Radio behoort nie buite ‘n kamer gehoor te kan word nie. Inwoners wat oortree se radio’s, of enige ander musiekinstrumente, sal weggeneem word en na verloop van tyd terugbesorg word.
1.7 Musiekinstrumente mag slegs in die eetsaal/sitkamer gebruik word.
1.8 Geen wisseling tydens studie-ure word toegelaat nie.
1.9 Geen wasgoedlyne (permanent of tydelik) word in slaapkamers toegelaat nie en geen kledingstukke mag bedags by vensters uitgehang word nie.
1.10 Niks mag by enige vensters uitgegooi word nie.
1.11 Geen lawaai, kontakspeletjies, water- of balspeletjies word binne die gebou of op stoepe toegelaat nie.
1.12 Leerders mag nie in besit wees van kamersleutels nie en kamerdeure en toegang tot kamers mag onder geen omstandighede op enige manier geblokkeer word nie.
1.13 ‘n Inwoner mag nie van een kamer na ‘n ander trek sonder dat daar vooraf toestemming van die superintendent verkry is nie.
1.14 Beddens moet gereeld met skoon beddegoed oorgetrek word. ‘n Paslaken is verpligtend.
1.15 Geen alkoholiese drank of sigarette/e-sigarette/Hookah-pyp mag in die koshuis ingebring, gebruik of as versamelstukke (leeg of vol) aangehou word nie. Dit is ‘n vlak 3-oortreding, en kan lei tot permanente uitsetting.
1.16 Wanneer die waarskuwingsklok saans lui, moet inwoners na hulle eie kamers gaan. Alle inwoners moet te alle tye in hul eie kamers en eie beddens slaap. Daar mag nie matrasse op vloere geplaas word nie. Geen beddens mag teen mekaar geskuif word nie.
1.17 Geen gangligte en kamerligte mag, nadat die ligte-uit-klok gelui het, aangeskakel word nie.
1.18 Laat-studie: Mag slegs plaasvind met vergunning van die diensonderwyser (slegs graad 10 - 12). Dienspersoneel moet goeie oordeel en kontrole uitoefen.
1.19 Stiltetye: Gedurende stiltetye moet inwoners te alle tye ander inwoners respekteer en hulle geleentheid gee om hul eie godsdiens te beoefen. Die kamerdeure moet gedurende stiltetye oop gelaat word. (Saans kan dit egter toe wees indien die lig reeds af is en die inwoners reeds slaap).
1.20 Geen geselsery, gekuier of geskree deur die vensters van binne die koshuis na buite of omgekeerd word toegelaat nie. Besoekers en aflewerings moet by die voordeur ontvang word.
1.21 Die gloeilampe wat die koshuis verskaf, mag nie verwyder word nie en geen gekleurde gloeilampe

mag gebruik word nie.

1.22 Waaiers mag nie gebruik word om klere droog te blaas nie en moet te alle tye afgeskakel word wanneer die kamer verlaat word. Haardroërs mag ook nie gebruik word om klere droog te blaas nie en mag ook nie as verwarmers gebruik word nie.

1.23 Families word versoek om die privaatheid van inwoners te respekteer en nie die gange en kamers tydens ‘n kwartaal te besoek nie.

2. Eetsaal en kombuis

2.1 Inwoners moet die eetsaal ordelik binnegaan.

2.2 Tafels: Inwoners sit om kontrole-doeleindes aan tafels soos ingedeel. Aan tafel moet goeie tafelmaniere gehandhaaf word. Tafelhoofde moet gerespekteer en gehoorsaam word.

2.3 Kleding: Van elkeen word verwag om netjies geklee aan die etenstafel te wees. Inwoners moet te alle tye skoene aanhê tydens etes. Geen musse of enige hoofbedekkings word tydens ete toegelaat nie.

2.4 Voedsel en gereedskap: Geen voedsel en eetgerei (behalwe vrugte) mag van die tafels verwyder en na kamers geneem word nie. Geen inwoner mag sonder verlof kombuistoerusting of eetgerei uit die kombuis of eetsaal verwyder nie.

2.5 Laatkommery: Laatkommery by etes word beskou as ‘n oortreding. Verskoning moet by die personeellid aan diens gemaak word vir laat kom.

2.6 Bywoning van etes op normale skooldae is verpligtend. Inwoners mag slegs vanaf die etenstafel wegbly indien verlof vooraf van die personeellid aan diens verkry is. Leerders wat eers die oggend vanaf die huis inkom, moet by die kombuis aanmeld vir kontrole-doeleindes.

2.7 Bywoning van etes oor naweke en eksamentye:

- Inwoners wat die aand in die koshuis slaap, moet aandete bywoon. Hierdie reëling geld, ongeag of die leerder vir daardie ete ingeteken is al dan nie. Aandetes is kontrole-geleenthede en moet te alle tye bygewoon word.
- Bekers: Inwoners moet van hul eie bekers gebruikmaak vir koffie in die eetsaal.
- Looptyd: Inwoners moet die formele etes ten volle bywoon totdat daar afgesluit word. Toestemming om vroeër te loop, sal slegs deur personeel verleen word indien dit werklik nodig is.
- Selfone: Selfone mag nie tydens etes beantwoord word nie. Dit moet afgeskakel wees.

3. Voorportaal, gange, trap en ontspanningsarea

3.1 Geen hardlopery, geskreeu en ander lawaai in die gange, portaal of die trap word toegelaat nie.

3.2 Artikels: Geen artikels (bv. tasse) mag in die voorportaal, televisiekamer of gange gelaat word nie.

3.3 Kennisgewings: Slegs kennisgewings wat deur die superintendent goedgekeur is, mag op kennisgewingborde aangebring word.

3.4 Klokke: Daar mag onder geen omstandighede met die klok gepeuter word nie. Die klok mag net gelui word deur ‘n huiskomiteelid of in opdrag van ‘n personeellid.

3.5 Brandtoerusting: Daar mag onder geen omstandighede met brandslange, brandblussers of brandsleutels gespeel of gepeuter word nie.

3.6 Personeelkwartiere: Die personeelkwartiere is te alle tye buite perke vir alle inwoners.

3.7 Geen meubels in TV-/sitkamer mag rondgeskuif word nie.

4. Badkamers

4.1 Hierdie vertrekke moet te alle tye netjies wees. Geen wasgoed, klere of ander artikels mag hier rondlê of in wasbakke gelaat word nie.

4.2 Geen wasgoed mag in badkamers opgehang word om te droog nie – wasgoeddrade moet gebruik word.

4.3 Opdamming van storte om as “baddens” gebruik te word, word nie toegelaat nie.

4.4 Dogters en seuns gebruik die storte soos ingedeel per graad per stort.

5. Selfone

5.1 Inwoners mag nie gedurende die volgende tye oproepe ontvang of maak nie: etenstye, studietye,

tydens en na stiltetye. Inwoners moet hul selfone tydens hierdie tye afskakel.

5.2 Alle selfone word om 21:15, met die tweede aandstudie, by dienspersoneel ingegee. Leerders ontvang die selfoon met stiltetyd in die oggend. Geen selfoonoproepe mag vanaf 21:15 tot 06:45 gemaak of ontvang word nie. Oortreding van die reël word onmiddellik verwys na ‘n vlak 2-oortreding.

5.3 Ouers word vriendelik versoek om ook by bogenoemde riglyne te hou. Sien asseblief die kloktye vir etenstye en studietye.

6. Studietye

- Koshuisleerders word vriendelik verplig om ‘n somer- en wintersport en/of kultuuraktiwiteit te beoefen.

- Alle middagstudies is by die nasorgsentrum: 14:15 - 16:00 (leerders betrokke by sport en/of kultuuraktiwiteite is verskoon). Koshuise is gesluit gedurende hierdie tye.
- Aandstudie: 19:00 - 20:00 en 20:15 - 21:15
- Eksamenaandstudies word aangepas.

Ekstra studietye word gedurende eksamennaweke gereël om inwoners vir die eksamen te help voorberei.

Leerders in grade 10 tot 12 kan aansoek doen om in hulle kamer te studeer. Kamerdeure moet te alle tye oop wees en die leerder moet by sy/haar studiebank sit. Indien enige misbruik van hierdie vergunning voorkom, skuif die betrokke leerder onmiddellik onbepaald terug studiesaal (eetsaal) toe. Leerders wat ook nie voldoen aan die akademiese verwagtinge na ‘n toetsweek se uitslae nie, skuif ook terug studiesaal toe. Junior leerders (graad 8-9) studeer in die studiesaal (eetsaal) onder toesig. Graad 8- en 9-leerders wat na die eerste toetsreeks goed presteer, mag ook in hulle kamers studeer. Dieselfde reëls geld vir die juniors soos uiteengesit vir die seniors.

6.1 Gange: Tydens studie mag geen inwoner ‘n ander besoek of raadpleeg nie. Badkamers mag ook nie tydens studie besoek word nie.

6.2 Geen telefoonoproepe of besoekers mag tydens studie ontvang word nie. Selfone moet tydens studie afgeskakel wees.

6.3 Waarskuwingsklok en kleredrag: Inwoners beweeg na hul studietafels sodra die eerste studieklok lui. Wanneer die tweede studieklok lui, moet elkeen reeds op sy/haar plek wees en begin studeer. Inwoners moet ten volle geklee wees tydens studie (geen slaapklere). Personeel beweeg deur gange vir kontrole.

6.4 Afwesighede: Geen inwoner word van studie verskoon nie. Verlof om nie te studeer nie, sal alleenlik toegestaan word indien ‘n baie goeie rede gegee word. Sodanige toestemming kan slegs van die diensdoenende personeellid verkry word.

6.5 Groepwerk tydens amptelike studie-ure word afgeraai. Sulke aktiwiteite moet dus buite normale studie-ure plaasvind. Sulke toestemming kan slegs van die personeellid aan diens verkry word. (Geen groepwerk word egter in eksamentye toegelaat nie.)

6.6 Alle inwoners se kamerdeure moet oop wees gedurende studie- en stiltetye.

7. Eksamentye

7.1 Geen inwoner wat by die koshuis studeer mag die terrein verlaat voordat die skool verdaag het nie.

7.2 Koshuisleerders word nie toegelaat om te blok tydens toetsreekse/eksamens nie. Hulle studeer onder toesig in lokale by die skool.

7.3 Studie sal slegs afgegee word op versoek en slegs aan die einde van die eksamen, mits die inwoner oor twee verdere oop dae beskik voordat daar weer geskryf word. Studie sal dus nie afgegee word indien ‘n inwoner die volgende dag of die dag daarna skryf nie. Toestemming moet egter in alle gevalle by die diensdoenende personeellid verkry word.

8. Vakansies, uitnaweke, aftye, besoektye en uittekenbeleid
Die uittekenbeleid is bedoel om die inwoners en die skool en koshuis te beskerm.
Beide koshuise het ‘n uittekenstelsel. Indien ’n inwoner vir ’n naweek huis toe gaan of die koshuis om enige ander rede verlaat (hetsy vir sport, ens.), moet die betrokke dienspersoneel in kennis gestel word deur sy/haar ouers/voog of ’n persoon wat oor ’n toestemmingsbrief van die ouer beskik. (Die leerder moes reeds vooraf toestemming verkry het van die superintendent.)

8.1 Uitnaweke:
8.1.1 Gedurende ’n verpligte uitnaweek (1 x per kwartaal of soms ‘n langnaweek, sien kalender) moet alle inwoners die koshuis verlaat en is dit nie nodig om die koshuishoof in kennis te stel nie. Inwoners wat weens lang afstande nie hul ouerhuis gedurende ‘n uitnaweek kan besoek nie, mag verlof kry om na vriende te gaan, mits hulle ouers skriftelik toestemming daar toe verleen en dit die superintendent se goedkeuring wegdra. Die name en adresse van vriende wat besoek mag word, moet in die toestemmingsbrief vermeld word. Sportnaweke: Hierdie naweke begin ná sportaktiwiteite op Saterdae. Ouers moet die koshuishoof in kennis stel indien hulle hul kinders vir die naweek sal kom haal. Sodanige kennisgewing kan skriftelik of telefonies geskied. In-naweek (2de kwartaal) is geesbou-naweek. Leerders word aangemoedig om hierdie naweek by te woon en ouers moet asseblief die leerders ondersteun. Aan die begin van elke kwartaal ontvang elke inwoner ’n kwartaalrooster, waarvolgens ouers hulle beplanning kan doen.

8.1.2 Toestemming: Telefoniese skakeling of e-posse vir skriftelike toestemming moet teen Woensdag om 17:00 reeds ontvang word. Ouers mag ook die superintendent/koshuisouers persoonlik ‘n boodskap stuur.

8.2 Uitnaweke en vakansies: Dieselfde prosedures wat op uitnaweke van toepassing is, geld vir in- en uitteken gedurende vakansies.
8.2.1 Aan die begin van ‘n vakansie en tydens ‘n uitnaweek moes alle inwoners teen 16:00 die koshuis verlaat het.
8.2.2 Die koshuis sal eers op Sondae vanaf 17:00 of die dag voor die skool begin vir inwoners gereed wees om te arriveer. Ouers word versoek om nie inwoners voor die tyd af te laai nie. Geen etes word egter op sulke aande bedien nie. Elke leerder moet ‘n kospakkie saambring vir aandete. Geen leerder word toegelaat om kosbestellings / kosaflewerings / ”Uber Eats te doen nie.
8.2.3 Geen aandete word verskaf wanneer die skool gesluit het, of op die Vrydag van uitnaweke nie. Geen etes word verskaf die dag voor die skool begin of op die Sondag na ‘n uitnaweek nie.
8.3 Uitnaweke: Geen inwoners word toegelaat om tydens ‘n uitnaweek op eie houtjie in die koshuis te bly nie.

8.4 Naweke:
8.4.1 Inwoners wat Sondagaande koshuis toe kom, moet voor 19:00 terug wees.
Teenwoordigheidsregister word elke Sondagaand geneem. Inwoners is onder toesig en ordereëlings van die koshuis vandat hul afgelaai is en mag nie die terrein sonder verlof verlaat nie. Geen etes word bedien nie. Leerder moet ‘n kospakkie saambring vir aandete. Geen leerder word toegelaat om kosbestellings/ kosaflewerings/ ”Uber Eats te doen nie.
Indien ‘n leerder nie die Sondagaand inkom nie, moet die ouer die superintendent telefonies of per sms inlig.
8.4.2 Inwonders mag met toestemmimg die kerk van hulle keuse besoek.

8.5 Dorpdae:
8.5.1 Inwoners mag op Woensdae dorp toe gaan en nie verder as Life Styles in Kloofstr nie. Indien inwoners se gedrag in die dorp swak is of verantwoordelikhede by die koshuis en skool afgeskeep word, kan dorpdae sonder voorbehoud teruggetrek word.
8.5.2 Dorpstye op Woensdae: 16:00 – 17:00.
8.5.3 Inwoners moet in skoolklere dorp toe gaan en dit moet volledig gedra word. Indien leerders by sport betrokke was mag leerder die amptelike JvR-sportklere dra.

8.5.4 Aandete mag nie misgeloop word omdat ’n inwoner dorp toe gaan of langer in die dorp bly nie.

8.6 Besoeke:
8.6.1 Slegs ouers/voogde mag inwoners besoek en moet die dienspersoneellid voor die tyd in kennis stel van hierdie reëling.
8.6.2 Ouers mag slegs aan die begin of einde van die kwartaal die gange of kamers van inwoners betree – nie gedurende die kwartaal nie. Spesiale toestemming kan egter verkry word by die diensdoenende personeellid.

9. Uittekenlyste
9.1 Daaglikse uittekenstelsel: Geen inwoner mag die koshuisperseel sonder toestemming van dienspersoneel verlaat nie. Wanneer teruggekeer word, moet ‘n inwoner weer aanmeld. Huis Jordaan: ‘n Diensrooster (leerders) word opgestel waar die voordeur/ontvangs te alle tye beman word solank leerders in die koshuis is.

9.2 Naweekuittekenlyste: ’n Leerder moet reeds op ’n Woensdag aandui of hy/sy gaan inbly of nie. Indien ‘n vyfdagloseerder die naweek wil inbly, moet die ouer ons in kennis stel. Hierdie reëling geld vir amptelike skoolbetrokkendheid oor naweke, hetsy sport, kultuur of akademie (eksamen). Indien ‘n sewedagloseerder die naweek wil uitteken, moet die ouer ons in kennis stel. Indien daar enige verandering op bogenoemde reëling plaasvind, moet die ouer die superintendent/koshuisouers in kennis stel. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om seker te maak waar sy kind hom/haar bevind. Leerders mag vir skoolaktiwiteite (sport, kultuur, akademiese redes), die naweek inbly. Ouers moet reeds Woensdae per e-pos bevestig wanneer ‘n leerder vir die naweek inbly. ‘n Inwoner mag nie in die week uitslaap en inteken vir die naweek nie. ‘n Inwoner wat ‘n buite-sosiale geleentheid bywoon mag nie terugkeer koshuis toe nie.

9.3 Geen inwoner mag gedurende die week die koshuis verlaat nie. **Slegs ’n ouer mag ’n kind persoonlik uitteken en moet die leerder persoonlik kom haal.** Redes waarom leerders uitslaap moet skriftelik deur ouers ingehandig word. Dit is dan die ouer se verantwoordelikheid om seker te maak waar sy kind hom/haar bevind. Dit word egter nie aanbeveel dat leerders hulle week onderbreek om die koshuis te verlaat nie, want dit breek die roetine van die koshuis/kamermaats. Toesigpersoneel moet te alle tye weet waar die inwoners hulle bevind. Indien ‘n leerder die koshuis op ‘n Donderdag verlaat en uitslaap kan hulle nie Vrydag terugkom en die naweek inbly nie.

10. Toegangsbeheer / privaatheid / sekuriteit
10.1 Geen besoekers (ook ander skoliere) mag die geboue betree alvorens toestemming van die diensdoenende onderwyser verkry is nie.
10.2 Alle besoekers moet te alle tye van ‘n inwoner vergesel word.
10.3 Die voordeur mag nooit oopstaan nie. Voorwerpe mag dus nie voor die deure geplaas word om die werking van die sekuriteitstelsel te belemmer nie.
10.4 Geen inwoner mag personeellede se koshuissleutels hanteer nie.
10.5 Die koshuis se sekuriteitshek word gesluit/oopgesluit op die volgende tye:
Oop: 06:45 Matrone (Toegang voor 6:45 via die kosbuisingang.)
Toe: 07:30 Matrone
Oop: 16:00 Matrone
Toe: 19:00 Onderwyser aan diens

11. Vervoermiddels

11.1 Geen inwoner mag in ‘n motor ry, behalwe as dit saam met sy/haar ouers is nie. Indien dit nodig is dat daar saam met iemand anders gereis word, moet die ouer skriftelik daartoe toestemming gee en die superintendent verlof daartoe verleen.

11.2 Spesiale verlof moet van die skoolhoof verkry word indien ‘n inwoner alleen met sy eie motor of motorfiets na en van die koshuise reis.

11.3 Geen koshuisleerder mag privaat motorvoertuie by die koshuis of op die skoolterrein aanhou nie.

12. Kleredrag

12.1 Van inwoners word daar verwag dat hulle te alle tye netjies en sindelik geklee moet wees. Geen onwelvoeglike klere of klere wat aanstoot gee, sal geduld word nie.

12.2 Die skooluniform mag nooit gemeng word met ander kledingstukke nie, ook nie binne die koshuis nie. Die volle skooluniform of geen uniform word gedra. Wanneer inwoners die koshuis verlaat, geld hierdie reëling ook.

12.3 Kerkdienste (indien van toepassing) moet bygewoon word in netjiese, gepaste en sindelike klere.

12.4 Geen neus-, tong- en gesigsringe word toegelaat nie.

13. Wasgoed (slegs van toepassing op naweekleerders)

13.1 Wasgoed word een keer per week deur die koshuispersoneel gedoen vir sewedaginwoners of leeders wat moet inbly vir skoolaktiwiteite.

13.2 Elke leerder moet hul wasgoed in ‘n gemerkte wasgoedsak ingee om gewas te word.

13.3 Die wasgoedlyste moet korrek en duidelik ingevul word.

13.4 Nuwe items moet duidelik aangedui word.

13.5 Slegs gemerkte kledingstukke sal gewas word.

13.6 Alle items (penne, sneesdoekies, geld, ens.) moet uit die sakke van wasgoed verwyder word alvorens dit in die was gegooi word.

13.7 Huis Jordaan inwoners moet in besit wees van ‘n standaard plastiese kis, wat onder die bed inpas, maklik stapel in die waskamer en as “wasgoedmandjie” kan dien.

13.8 Die matrones is in beheer van die waskamers. Indien enige inwoner die wasmasjiene of droërs gebruik, moet die matrones ingelig word.

14. Beddegoed

14.1 Inwoners voorsien hul eie beddegoed.
(Huis Jordaan: Verkieslik wit/ligte kleur; Huis van Merwe: grys/blou kleur)

14.2 Geen slaapsakke mag op die beddens as beddegoed gebruik word nie.

14.3 Beddegoed moet minstens een keer elke twee weke gewas word.

14.4 Sewedagloseerders moet elke tweede week hulle beddegoed ingee. Tref ’n reëling met die koshuismatrone.

15. Geld en besittings

15.1 Die beheerliggaam, koshuiskomitee en die superintendent, asook die personeel, aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van inwoners nie.

15.2 Duplikaatsleutels van slotte kan vir bewaring by die matrone gelaat word.

15.3 Alle waardevolle besittings moet te alle tye in kaste toegesluit wees.

15.4 Inwoners is verantwoordelik vir hul kamers en skadevergoeding sal van die inwoner verhaal word.

15.5 Inwoners is verantwoordelik vir persoonlike eiendom.

15.6 Inwoners moet onder geen omstandighede die PIN-nommers van hul bankkaarte aan ander inwoners bekendmaak nie.

16. Siek inwoners

Tans word geen leerder met ‘n virale/aansteeklike virus in die koshuis toegelaat nie. Ouers/voogde sal geskakel word om die leerder te kom haal. Indien ’n leerder buite die radius van 60km woonagtig is, moet ouers ’n voog/kontakgesin identifiseer waar die leerder geplaas sal word om aan te sterk. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hierdie kontakpersoon ook volle verantwoordelik vir die kind se welstand aanvaar wanneer hy/sy by hulle aansterk. Dit is ook ouers se verantwoordelikheid om met die voog/kontakgesin kontak te maak en op te volg hoe dit gaan met die welstand van hulle kind. Hierdie inligting moet tydens inname aan die superindent deurgegee word voor toelating tot die koshuis.

16.1 Die matrone moet onmiddellik in kennis gestel word (soggens om 07:00 op skooldae) wanneer ‘n inwoner siek is. Die matrone sal noodmedisyne verskaf of ’n doktersafspraak maak en die ouers/voogde in kennis stel. In geval van ’n aansteeklike siekte, sal die ouer gekontak word om die leerder te kom haal.
16.2 Die matrone mag voorgeskrewe medikasie toedien wat deur die ouer/voog voorsien word.
16.3 Inwoners mag geen eie basiese medikasie hê nie. Slegs spiersalf, bv. Deep Heat, is aanvaarbaar. Ouers moet toestemming gee sodat ’n leerder medikasie kan ontvang. Sien die medikasietoestemmingslys.
16.4 Indien inwoners van sterker medikasie gebruik maak, soos antibiotika of chroniese medisyne, moet die superintendent, matrone en dienspersoneel skriftelik daarvan, asook van moontlike newe-effekte, kennis dra.
16.5 ‘n Inwoner wat op Vrydae te siek is om skool toe te gaan, sal nie toegelaat word om daardie naweek in te bly vir skoolaktiwiteite, bv. sport/kultuur/’n sosiale funksie, nie. So ’n inwoner kan ook nie aan sport deelneem nie en moet ook sy afrigter/spanbestuurder/kaptein in kennis stel.
16.6 Alle afsprake by die dokter kan deur die matrone gereël word.
16.7 Ouers word vriendelik versoek om nie siek kosgangers ná ‘n naweek of vakansie by die koshuis af te laai nie. Indien ’n kosganger by die koshuis siek word, sal die ouers onverwyld in kennis gestel word.
16.8 Inwoners wat weens siekte nie studeer nie, moet in die siekekamer bly vir die betrokke aand, behalwe as hulle na die badkamer gaan.
16.9 Indien ‘n leerder siek word, sal die leerder onmiddellik in die siekekamer geplaas word totdat daar duidelikheid is oor die siekte en hoe die siekte behandel moet word. Daar sal ’n register wees wat die matrone/dienspersoneel moet onderteken om die leerder gereeld te monitor.

17. Ontgroening/Doop

17.1 Ontgroening/Doop van enige inwoner word ten sterkste verbied.
17.2 Geen afknouery van leerlinge sal geduld word nie. Senior leerlinge mag ook nie junior leerlinge rondstuur nie. ‘n Verwelkomingsprogram, wat deur die skoolhoof goedgekeur is, word wel aan die begin van elke jaar met die graad 8-leerlinge gevolg. Graad 8-leerlinge het beperkte pligte in die eetsaal soos deur die superintendent bepaal.
17.3 Onder geen omstandighede mag tasse na en van die skool gedra word nie en juniors mag ook nie winkel toe gestuur word nie.
17.4 Juniors mag ook onder geen omstandighede koffie of drinkgoed na matrieks in kamers neem nie.

18. Oortreding van reëls

18.1 Personeellede, matrones en HK-lede moet te alle tye gehoorsaam word.
18.2 ’n Rekordstelsel van oortredings deur inwoners is in die koshuis in werking.
18.3 ’n Inwoner se rekord word ook geraadpleeg wanneer ‘n inwoner aan die einde van ’n jaar om hertoelating aansoek doen. Hertoelating kan dus op grond van hierdie rekord geweier word.
18.4 ’n Volledige rekord kan aan ouers gestuur word sodat ouers kennis neem van die gedrag van hul kind.

19. Matriekvergunning

20.1 Matrieks mag in hul kamers studeer tydens studietye. Indien hulle nie by studiereëls hou nie, word hulle afgeskuif na studiesaal.

20. Verjaarsdae

20.1 Vir die leerders wat nie die voorreg het om by die huis te verjaar nie, wil ons graag hulle dag spesiaal maak. Elke leerder wat verjaar terwyl hulle in die koshuis is, is dit die ouer/voog se verantwoordelikheid om ’n koek te reël vir hulle kind se spesifieke graad (‘n 28cm-ronde koek of ‘n plaatkoek). Die verjaarsdag- leerder kry ‘n ekstra dorpdag, kan ’n vriend(in) saamneem, en indien nodig die koek gaan koop. Die kersies op die koek sal aangesteek word en daar sal vir die leerder gesing word by aandete. Ouers moet asb vroegtydig die nodige reëlings tref om teleurstelling te vermy.

21. Klagtes en probleme

Ons wil baie graag ‘n gelukkige skool- en koshuisgemeenskap bevorder. Indien enige probleme ondervind word, moet die vrymoedigheid geneem word om dit met die superintendente/koshuisouers, of die skoolhoof op te neem. Sien kontakbesonderhede in die inligtingstuk.

22. Ontruimingsplan

- Wanneer die klok aanmekaar lui, moet die gebou ontruim word.
- Die inwoners wat eerste wakker word, moet dadelik sy/haar kamermaats en personeellede wakker maak.
- Kamerlede moet verseker dat al die vensters toe is, die kamerdeur toemaak en ‘n kledingstuk aan die handvatsel hang. (Dit is die aanduiding dat almal uit die kamer is en die vensters toe is. Vensters en deure word toegemaak om die verspreiding van ’n brand te vertraag.)
- Beweegrigting: Stap vinnig na die gespesifiseerde branduitgang. Indien die betrokke ontruimingsroete versper is, kan enige alternatiewe roete gebruik word.
- Branddeure: Die sleutel vir die branddeur is in die brandkassie en word gebruik om die branddeur oop te sluit.
- Alle dogters beweeg na die Welgemeend-parkeerarea en bly daar tot verdere kennisgewing.
- Alle seuns beweeg na die rugbyveld en bly daar tot verdere kennisgewing.
- Leerders tree alfabeties in hul grade aan.
- Inwoners bly in graadverband tot verdere instruksie van die superintendent.
- Dienspersoneel moet seker maak dat alle kamers ontruim is.
- HK-lede en personeel hou toesig in die gange, en maak seker almal het ontruim (badkamers ook). HK-lede neem brandblussers in die gange en voorportaal saam na buite. Geen brandblusser se veiligheidspenne word uitgetrek of gespuit nie. Die personeellid aan diens neem die daaglikse uittekenlys en kontroleer vir afwesiges. HK-lede neem ook ganglyste na buite om te kontroleer. Afwesighede word by die superintendent aangemeld.

22. Dissiplinêre stelsel

Vlak 1 – oortredings (minder ernstig)
STRAF: Gemeenskapsdiens, verloor selfoonvoorregte, verloor dorpvoorreg, ekstra studie, verbeur geleentheid om naweke in te bly. Indien ‘n leerder nie gehoor gee nie of geen poging aanwend om te verbeter nie, kan koshuisverblyf vir die opvolgende **week/maand/kwartaal/jaar** verbeur word. Herhaaldelike vlak 1- en 2-oortredings is ‘n aanduideling dat ‘n leerder nie inpas/aanpas in die koshuismilieu nie en eerder onder ouerlike sorg moet tuisgaan.

- Verontagsaam kloktye / laat vir studie / slaap in studie
- Stort of loop rond in stiltetyd/inspeksie/netheidsoortreding (persoon/kamer)
- Laat inkom/selfoon gebruik tydens studietye of etenstye – selfoon word afgeneem tot aan einde van die week
- Mors: rommelstrooi/versuim om rommel op te tel en in naaste vullishouer te plaas of om ‘n direkte opdrag in dié verband te verontagsaam
- Versuim om in of uit te teken of naweekregister te voltooi
- Nie-bywoon van etes
- Dorpskinders in koshuis toelaat sonder toestemming
- Eetgerei uit eetsaal verwyder
- Kuier, raas of rondloop na ligte-uit
- Versuim om kuishuisvader of assistent in kennis te stel wanneer nie in koshuis
- Sonder toestemming in ander koshuisinwoner se kamer gaan
- Verbale afknouery / skree in gange / disrespek teenoor mede-inwoners en personeel / disrespek vir geboue / klap van deure
- Hardloop en speel in gange
- Nie aanmeld dat hy/sy siek is nie / nie volledig gekleed vir skool by ontbyt opdaag;
- Nalatige gebruik van elektriese apparaat
- Steurende gedrag in eetsaal of studiesaal
- Onvanpaste gedrag wat ander leerders ongemaklik laat voel

Oortredings tydens studie:
- Praat, gesels, steurnis vir kamermaat of afwesig sonder toestemming
- Lees storieboek of tydskrif
- Slaap
- Algemene steurnis vir ander
- Loop rond tydens studie
- Kyk video of flieks of speel rekenaarspeletjies tydens studie
- Verlaat kamer sonder toestemming
- Algemene netheid: kamer is onnet
- Algemene netheid: klere lê op vloer
- Algemene netheid: bed is nie opgemaak

Algemene tipes van optrede / straf vir alledaagse stoutigheid:
- Kosganger werk in kombuis / kombuisdiens.
- Kosganger maak kamers / gange skoon.
- Kosganger tel papiere op.
- Kosganger doen herstelwerk.

• Kosganger word verbied om koshuisgronde te verlaat.
• Kosganger moet onder toesig studeer.
• Kosganger moet help met kook-/bakwerk.
• Indien ‘n leerder sodanig optree kan hy/sy geweier word om ‘n naweek in te bly.

Vlak 2 – oortredings:
STRAF: Koshuisinwoner kry gemeenskapsdiens. By herhaalde ernstige gevalle word ouer geskakel en die leerder verbeur die geleentheid om naweke in te bly. Indien ‘n leerder nie gehoor gee nie of geen poging aanwend om te verbeter nie, kan koshuisverblyf vir die opvolgende **week/maand/kwartaal/jaar** verbeur word.
Herhaaldelike vlak 1- en 2-oortredings is ‘n aanduideling dat ‘n leerder nie inpas/aanpas in die koshuismilieu nie en eerder onder ouerlike sorg moet tuisgaan.

• Vandalisme (indien minder ernstig)/ vernietiging of ontsiering van skool-en koshuiseiendom – ernstige gevalle: verwys na vlak 3
• Terugpraat met gesagsfigure / vuil taalgebruik / oneerlikheid / onaanvaarbare kleredrag
• Gevaarlike speelgoed (klappers/paintball gun, ens.)
• Swak gedrag teenoor personeel / ongehoorsaamheid, swak gedrag in die openbaar
• Enige doppraktyk anders as amptelik goedgekeurde bekendstellingsaktiwiteite/ enige ongemagtigde Praktyke (aktiwiteite) na ligte uit/ geraas na ligte uit wat ander leerders se slaap steur
• Afknouery/ versprei van onwaarhede van ander leerders (leuens)/ selfoonvideo tot nadeel van skool of koshuis en medeleerders en personeel – ernstige gevalle kan verwys word na vlak 3.
• Baklei/ gevegte/ernstige verbale aggressie/aanranding/mishandeling – ernstige gevalle kan verwys word na vlak 3.
• Afwesig sonder verlof gedurende die dag
• Rook van sigarette / e-sigarette / Hookah-pyp / besit van enige rookverwante items / sit in rokerskring – na waarskuwing en geen verbetering – verwys na vlak 3.
• Gedurende skooltyd (in koshuis) sonder toestemming / met lede van teenoorgestelde geslag in koshuiskamer – ernstige gevalle kan verwys word na vlak 3.
• Motors sonder toestemming op koshuisgronde.
• Onvanpaste gedrag wat ander leerders/personeel ongemaklik laat voel – indien herhaaldelik of Ernstig, verwys na vlak 3.
• Selfoonoortredings

VIR VLAK 2- & 3-OORTREDINGS VAL DIE KOSHUIS ONDER DIE GEDRAGSKODE EN DISSIPLINÊRE STELSEL VAN DIE SKOOL.

Vlak 3 – oortredings:
Ouers word onmiddellik in kennis gestel en die leerder word tydelik verwyder uit die koshuis totdat die saak voor die dissiplinêre komitee verskyn het. Dit kan permanente uitsetting tot gevolg hê.
In geval waar 'n leerder positief vir 'n verbode middel toets, mag hy/sy eers koshuis toe terugkom wanneer hy/sy bewys kan lewer van 'n negatiewe toets van 'n erkende instansie, bv. kliniek en/of dokter, ongeag die dissiplinere ondersoek wat samelopend is. Die uitslag sal bepaal of die inwoner hulle koshuisplek verbeur.

- **Drankgebruik, in besit van drank, verkoop daarvan/ handeldryf/ verspreiding daarvan en/of onder die invloed van drank op of buite die skoolterrein**
- **Dwelmgebruik, in besit van dwelms, koop van dwelms of verkoop daarvan of handeldryf daarin/ verspreiding of oorhandiging daarvan, onder die invloed van dwelms op of buite die skoolterrein (Leerders moet daarop let dat hulle ook skuldig bevind kan word indien hulle in die geselskap is van leerders wat besig is met laasgenoemde oortredinge.)**
- **Diefstal/ oneerlikheid/ hantering of besit van gesteelde eiendom/ brandstigting/ kwaadwillige beskadiging van eiendom (breek van deure of kaste/graffiti/ontsiering van koshuis- en skooleiendom**
- **Afwesig na ligte-uit saans/ uitglip uit koshuis /dros uit koshuis/verlaat koshuisterrein sonder toestemming**
- **Seksuele teistering, in besit wees van pornografiese materiaal of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid/ skuldig maak aan immorele gedrag, inbegrepe geskrewe of mondelinge onwelvoeglike taal (insluitend gebare) /besit van enige onwelvoeglike materiaal**
- **Opstandigheid teenoor gesagsfigure/afkeuringswaardige gedrag en belediginde taal wat teen enige personeel van die koshuis of ander leerders gerig is/ pleging van'n daad van blatante ongehoorsaamheid / herhaalde ontwrigting van die koshuisprogram & roetine**
- **Aanranding/mishandeling/ veiligheid van medeleerders of personeel in gevaar stel of dreig/ die regte van ander skend/omkoping van enige persoon of poging daartoe, met die doel om vir die leerder self of enige ander persoon in die posisie te plaas om 'n onbillike voordeel te kan kry**
- **Homself of haarself, na die mening van die beheerliggaam, op 'n skandelike, onbehoorlik of onbetaamlike wyse gedra**
- **Gebruik van haatspraak of hom/haar skuldig maak aan rassisme of seksisme**
- **Ernstige boelie/ die gebruik of besit van enige gevaarlike voorwerpe of toestelle/dreigement met 'n wapen/gebruik van gevaarlike wapen / pleging van 'n daad van afknouery of aanranding, waarby inbegrepe is viktimisasie van mede-leerders of personeel**
- **Herhaaldelike vlak 2-oortreding/ herhaaldelike oortredings van die leerdergedragskode**
- **Enige oortreding wat in die SA Skolewet van 1996 as wangedrag geklassifiseer word**

Dit is belangrik dat alle koshuisinwoners in leiersposisies deeglik bewus moet wees van die skool se gedragskode rakende die dwelmbeleid/seksuele misdrywe/pornografie/boelie en dat enige leier wat hom/haarself skuldig maak aan rook en/of drankgebruik /koop van drank / dwelmgebruik / seksuele misdrywe / enige vorm van boelie of enige ander vlak 3-oortredings soos genoem hierbo, skuldig sal wees aan verontagsaming van die skoolgedragskode, en sal onmiddellike ontheffing van die leiersposisie in die gesig staar, m.a.w. die leiersbalkie sal ook afgeneem word.

Ek ..... (ouer) van ..... (leerder), verklaar dat ek en my kind hierdie dokument noukeurig bestudeer het en is oortuig daarvan dat hy/sy die verwagtinge en verpligtinge getrou kan en sal nakom.

Handtekening (ouer):..... Datum:.....

Handtekening (leerder):..... Datum:.....

Hiermee verklaar ek dat:

- ek volle kennis dra van HSJvR-skool/-koshuis se gedragskode, etos, visie (soos uiteengesit in die Jan van Riebeeck-leerderdagboek en in die koshuisbeleid) asook die leierskapbeleid en leierskapordereëlings soos uiteengesit in die gedragskode.
- ek as ouer is bewus dat indien my kind hom/haar herhaaldelik skuldig maak aan oortredings soos in hierdie dokument uiteengesit word, kan koshuisverblyf verbeur word.
- ek beoog om te alle tye in die skool, koshuis, buite die skool, sowel as op enige terrein, my skool, koshuis en enige leierskapposisie wat ek mag beklee, eer te bied volgens die gedragskode, etos en visie;
- ek daarvan oortuig is dat ek ‘n waardige koshuisinwoner kan wees en leierskapposisie in die skool en koshuis kan beklee;
- ek kennis neem dat wanneer ek in ‘n koshuisleiersposisie is, my posisie opgehef kan word indien ek skuldig bevind word na ‘n deeglike ondersoek ná die verbreking van die leierskap-etos/gedragskode/koshuisbeleid. Dit sal beteken dat ek my leierskapbalkie verloor en my balkie moet ingee.
- ek ook toestemming gee dat indien daar ‘n sterk vermoede is van die gebruik van ‘n verbode middel dat die superindent die inwoner mag toets. In geval waar ‘n leerder positief vir ‘n verbode middel toets, mag hy/sy eers koshuis toe terugkom wanneer hy/sy bewys kan lewer van ‘n negatiewe toets van ‘n erkende instansie, bv. kliniek en/of dokter. Die saak sal verwys word na die die dissiplinere komitee, wat ‘n ondersoek van stapel sal stuur.

Handtekening:(leerder).....Datum:.....

Handtekening:(Ouer/Voog 1).....Verwantskap: .....Datum:.....

Handtekening:(Ouer/ Voog 2).....Verwantskap: .....Datum:.....

Beleid rondom ongesteldheid:

Tans word geen leerder met ‘n virale/aansteeklike virus in die koshuis toegelaat nie. Ouers/voogde sal geskakel word om die leerder te kom haal. Indien ‘n leerder buite die radius van 60km woonagtig is, moet ouers ‘n voog/kontakgesin identifiseer waar die leerder geplaas sal word om aan te sterk. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hierdie kontakpersoon ook volle verantwoordelik vir die kind se welstand aanvaar wanneer hy/sy by hulle aansterk. Dit is ook ouers se verantwoordelikheid om met die voog/kontakgesin kontak te maak en op te volg hoe dit gaan met u kind. Hierdie inligting moet tydens inname aan die superindent deurgegee word voor toelating tot koshuis.

Kontakpersoon 1: .....Verwantskap: ..... Telefoonnommer: .....

Kontakpersoon 2: ..... Verwantskap: ..... Telefoonnommer: .....

Indien ek nie van bostaande reëling gebruik maak nie, onderneem ek om self my kind te kom haal.

Handtekening (ouer/voog 1):..... Verwantskap: ..... Telefoonnommer: .....

Handtekening (ouer/voog 2):.....Verwantskap: ..... Telefoonnommer: .....

Datum:.....